

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:7

Die prediker is net 'n kleipot, maar tog ...

Moedeloosheid kan 'n prediker tref vanweë vyandige luisteraars, vervolging, partydiges en vrae oor die gesag van jou prediking. Vandag is dit afvalligheid, selfgerigtheid, die tydsgees dat elkeen vir homself kan besluit, wat predikers of ander gelowiges tam maak om steeds getuies vir Christus te wees.

Paulus en ander het deurentyd opposisie gehad. Waarom het hulle volhard?

- Omdat die bediening van die nuwe verbond op grond van Christus se ontferming aan hulle opgedra is.
- Dit was geen keuse nie, maar 'n opdrag. Hulle was slegs dienaars van Christus.
- Omdat hulle dit nie uit eie krag gedoen het nie (2 Kor. 3:5).
- “Die liefde van Christus dring ons” (2 Kor. 5:14).

Ons is slegs kleipotte met 'n skat in, skryf Paulus. Die skat is die lig van die evangelie wat God self in hulle opgesteek het. Die kleipotprediker se waarde is min, maar die evangelie is kosbaar. Sou die kleipot breek, of die prediker sterf, dan sou die skat steeds bewaar bly. Daarom word hulle nie moedeloos nie.

Om dieselfde rede verloor ons ook nie moed nie. Verdrukking kom, maar weens Christus in jou bly jy nie terneergedruk nie! Dikwels is jy verleë vanweë gebrek aan insig. Tog voorkom die skat se lig dat jy radeloos bly. Daar is die wonderlike sekerheid dat jy in moeilike tye van teenstand en lyding nooit deur God verlaat sal word nie. Al word jy op die grond gegooi, letterlik of figuurlik omgepluk, dan kan die vyand jou of die boodskap nie vernietig nie. Juis omdat Christus leef, is jy bereid om vir Hom te sterf. Hy het immers die lewe beloof aan elkeen wat glo. Deur Christus se genade word jy gedra. Wie glo, kan nie ophou praat nie.

Wie die lig van die evangelie in hom dra, word nie moedeloos nie.

Sing: Skrifberyming 15-7: 1, 2

Dr. WC Opperman (Callie) (emeritus)